# Beleidstandpunte Omgewingsbestuur

TLU SA se oorkoepelende Doelstelling: "om die boer veilig en ekonomies volhoubaar op sy grond te hou", resoneer in die Omgewingsbewaringskomitee se doelstellings. Vandag se landbouer met moderne boerderymetodes is ook, soos wat die kultuuropdrag in die Bybel bevestig, 'n bewaarder van God se skepping. As hierdie bewaring nie plaasvind nie, sal landboutoestande so verswak dat dit voedselsekerheid in gevaar sal stel. In 'n land soos Suid-Afrika, wat nie landbou-vriendelik is nie, sal dit katastrofies wees.

**Behoud van natuurlike hulpbronne**

- Die volhoubare benutting van Suid-Afrika se natuurlike hulpbronne is vir TLU SA 'n saak van groot erns. Dit verg dat elke grondeienaar of benutter bewaringspraktyke moet toepas in hul boerderypraktyke. Volhoubare produksie van voedsel en vesel kan slegs geskied as die natuurlike hulpbronne daartoe in staat is. Daar moet sover moontlik in harmonie met die natuur geboer word. Die verantwoordelikheid om toe te sien dat roofpraktyke nie toegepas word nie is gesetel by die regering en moet wetgewing in die verband nougeset toegepas word.
- Die "ontneming" van water is 'n vorm van onteiening. Boere het reg op onbesoedelde water. Die Staat het 'n verpligting om onbesoedelde water te waarborg, veral noudat hy homself as "voog" daaroor aangestel het.

**Water-aangeleenthede**

TLU SA aanvaar (met kommer) dat alle water onder voogdyskap van die Staat is en dat dit dan die staat se verantwoordelikheid is om genoegsame veilige water vir mense, diere, plante en industrie beskikbaar te stel teen billike tariewe sonder diskriminasie. Ons dring daarop aan om as vennoot beskou te word en na enige openbare gesprek genooi te word en om ook op enige komitee of werkgroep van die Departement Waterwese en Sanitasie te dien. Ons verklaar onsself bereid om met ander georganiseerde groepe oor water-aangeleenthede saam te werk maar

behou die reg om aan enige vergaderings, werkgroepe of enige ander liggaam te onttrek.

Bestaande waterregte moet gerespekteer word omdat die waarde en produksievermoë van grond daardeur beïnvloed word.

**Waterbesparing & -besoedeling**

- TLU SA moedig die ontwikkeling van moderne besproeiingsmetodes aan om daardeur water te bespaar.
- TLU SA steun die ontwikkeling van nuwe plant variëteite om met minder water meer te produseer.
- TLU SA sal nie ophou om waterbron besoedelaars te rapporteer en aandring op vervolging van diesulkes nie

**Myne en Eksplorasie**

- TLU SA erken die wye voorkoms van minerale en metale in Suid-Afrika en staan nie in die pad van die ontginning daarvan nie. TLU SA sou wou sien dat gunstige beleggingsmoontlikhede geskep kan word sodat hierdie minerale en metale eers verwerk kan word in finale of semi- finale produk voor dit uitgevoer word om daardeur meer werksgeleenthede te skep, opleidings- en opvoedingsgeleenthede te skep en meer buitelandse valuta verdien kan word.
- TLU SA sal enige onwettige myn- of eksplorasie-projekte beveg waar dit 'n landbouer se grond bedreig of die potensiaal toon van water en ander besoedeling. Enige mynbou of eksplorasie projekte wat die potensiaal toon om tot natuurrampe te lei sal teengestaan word.

**Bewaringslandbou**

- Ons het een bodem met bepaalde vermoë wat, indien dit nie korrek benut word nie, die produktiewe vermoë daarvan, sal vernietig. Derhalwe streef TLU SA na bewaringsboerdery-praktyke ten einde ons hulpbronne optimaal maar ook volhoubaar te kan benut.
- Daarom sal TLU SA, as verantwoordelike verteenwoordigende landbou-organisasie, met ander organisasies saamwerk om bewaringslandbou as konsep by ons lede te bevorder.

**Energie**

- TLU SA is van mening dat ESKOM in die kort tot medium termyn nie volhoubaar elektrisiteit teen bekostigbare tariewe sal kan voorsien nie en dat ons as organisasie ons sal beywer om na alternatiewe metodes van kragopwekking te soek om 'n landbouer sodanig te bemagtig dat hy nie meer van Eskom, of enige regeringsinstansie afhanklik sal wees vir kragvoorsiening nie.
- Daarom sal TLU SA met alle organisasies en die Regering saamwerk om 'n betroubare en bekostigbare kragnetwerk daar te stel.

**Infrastruktuur**

- 'n Moderne en goed-ontwikkelde infrastruktuur is, net soos ander aspekte, essensieel vir enige gesonde ekonomie. Geen ekonomie kan daarsonder vooruit gaan nie. Dit is die ratte wat veroorsaak dat die hele stelsel funksioneer, dit skep die vermoë om 'n produk vinniger en beter te lewer (selfs die internasionale krediet-evalueringsinstansies beoordeel 'n land se kredietwaardigheid deur o.a. die omvang en kwaliteit van sy infrastruktuur in oënskou te neem).
- Sonder 'n goed-ontwikkelde infrastruktuur is 'n land dus minder mededingend, sal nie maklik buitelandse valuta verdien nie en derhalwe sal dit nie sy internasionale verpligtinge kan nakom nie.
- Gevolglik sal so 'n land nie langtermyn-beleggingsfondse trek nie. Dit sal uiteindelik weer die groeikoers verlaag – 'n bose kringloop indien die owerheid se ekonomiese keuses nie korrek gemaak word nie.
- Die daarstel, instandhouding en veral die uitbouing van 'n dinamiese en gesonde infrastruktuur is en bly die verantwoordelikheid van die staat. TLU SA se uitgangspunt is dat die dinamika vir die daarstel van infrastruktuur buite die plaas die verantwoordelikheid van die staat is en moet bly.
- Slaggate in paaie is onaanvaarbaar en 'n bedreiging vir landbou en voedselsekerheid;
- Motoriste betaal genoeg deur lisensiegelde en brandstofheffings dat tolgelde, waardeur private maatskappye bevoordeel word, 'n onnodige onding is;
- Die tendens dat gemeenskappe nou self toetree om slaggate reg te maak is 'n aanduiding van die moedeloosheid met munisipaliteite wat net eenvoudig nie

aandag daaraan skenk nie en in baie gevalle so bankrot is dat hulle totaal disfunksioneel geword het.

- Die verval van die land se spoorwegstelsel het teweeggebring dat grootmaat vervoer tans op paaie moet geskied wat derhalwe weer 'n negatiewe impak op die toestand van alle paaie het. Ongelukkig vind die nodige instandhouding van paaie nie plaas nie.